

DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

29/2026 (Skippertjie nr. 79)

4 September 2026



IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN
UITSLAE

1. Akademiese werk
2. Best of Mossel Bay
3. Kultuuraand
4. Mosselbaai Esteddfod
5. Begrotingsvergadering
6. Die Aalwyn klerewinkel
7. Damesoggend
8. Buite aktiwiteite
9. Personeelverjaardae
10. Skoolfonds vir 2026

UIT DIE KAJUIT

Ouerbetrokkenheid (2): Ek was bevoorreg om die afgelope week weereens die jaarlikse Hoofdesimposium in Gqeberha by te woon en skouers te skuur met ander hoofde en belanghebbendes in die onderwys. Wat baie duidelik na vore gekom het is dat ons as volwassenes (ouers en onderwysers) baie aandag aan ons kinders se emosionele welstand moet gee. So, hoe doen ons dit? Wel ons kan by ons huise begin deur stabiele omgewings te skep waar kinders veilig en geliefd voel en 'n stem het. Deur eenvoudige, maar baie belangrike dinge te doen, soos om elke dag ten minste een ete as gesin saam te eet, te gesels oor wat die dag gebeur het, met intensie te luister en soms sommer net lekker dinge saam te doen, soos om op die strand of in die veld te gaan stap of roomys te gaan eet, kan wondere verrig. Verder is dit baie belangrik dat kinders by die huis die regte waardesisteem moet aanleer sodat hulle weet hoe om op te tree in watter situasie ookal. Dan sal hulle nie net leer om die regte ding te doen in moeilike situasies nie, maar ook weet hoe om reg teenoor ander mense op te tree. Dit is hier waar die skool ook inkom. Dit is hoekom ons week na week ons kinders op formele en informele maniere probeer leer van ons kernwaardes van respek, betroubaarheid, omgee, verantwoordelikheid, regverdigheid en volharding. Saam met dit wil ons hulle ook leer dat hulle elke dag hulle beste moet gee deur die 100%-gesindheid wat hulle moet uitleef. Dit is hier waar die huis en die skool bymekaar moet kom, want as die huis nie daardie vennootskap met die skool het nie, raak dit baie moeilik om positiewe gedrag by die kinders aan te leer. Ons as volwassenes moet omgewings vir groei skep. Onthou dat stabiele gesinne die teenvoeter vir onstabiele omgewings is. Mooi naweek vir almal en kom ons hoop die Springbokke kan dit weer doen!

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE



1. Akademiese werk

Laerskool Park het 'n trotse akademiese rekord en ons uitslae oor die jare is 'n bewys daarvan. Ons is baie trots op ons leerders se akademiese werk en wil graag op die akademiese uitnemendheid voortbou. Daar word elke dag baie hard in die klasse gewerk om seker te maak dat ons leerders akademies goed vorder en almal op datum is. Ons versoek dat ouers sal toesien dat leerders elke dag skool toe sal kom en waar nodig alle skoolwerk op datum sal wees, veral met die assesseringstyd wat voorlê. Die graad 4-7 leerders het reeds hul toetsrooster en leerwerk ontvang vir die toetse wat op 9 September in aanvang neem. Ander assesserings is ook reeds in proses of afgehandel. Baie dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

2. Best of Mossel Bay

Ons is baie trots dat ons skool aangewys is as die beste laerskool in die Mosselbaai-omgewing. Ons poog om elke dag beter te word deur geleenthede vir ons leerders te skep. Baie dankie aan al ons ouers wat help dat ons 'n skool van uitnemendheid vir ons kinders daarstel.

**“Stabiele gesinne
is ‘n teenvoeter
vir onstabiele
omgewings.”**

Prof. Abel Esterhuyse

Afrikaanse idioom van die week

Elke huis het sy kruis

Elke huis het sy eie probleme.

2026 SKOOLKWARTALE

3de: 21 Julie – 23 September

4de: 6 Oktober – 9 Desember

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai

Posbus 96, Mosselbaai, 6500

Tel: 044 691 1020/1

Epos: navrae@lspark.co.za

www.laerskoolpark.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 8 Sep: Park Redenaarsfees

Wo, 9 Sep: SBL-vergadering

Toetsreeks: Engels

Do, 10 Sep: Toetsreeks: Afrikaans

Vr, 11 Sep: Toetsreeks: Aardrykskunde

Sa, 12 Sep: Rugby: SWD o.12-wedstryde

ADVERTEER IN DIE SKIPPERTJIE



Besighede het nou die wonderlike geleentheid om in ons weeklikse nuusbrieff te adverteer. Hierdie nuusbrieff word elke Vrydagoggend via die d6-kommunikasiesetel aan al Laerskool Park se ouers gestuur.

- Koste: R100 per advertensie per week
- Formaat: JPEG (A4-grootte of kleiner)

Neem gerus 'n kykie op ons webblad vir vorige uitgawes van Die Skippertjie en sien hoe jou advertensie kan lyk!

Kontak Juf. Karen vir verdere inligting rakende plasing van advertensies en betaling.



WhatsApp
072 463 4985



E-pos
kbezuidenhout@lspark.co.za



BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park

Bank: Standard Bank

Rekeningnommer: 060822643

Tipe rekening: Business Current Account

Takkode: 051001 (George)

Verwysing: Familiekode

3. Kultuuraand

Baie dankie aan al ons ouers en personeel wat betrokke was by die organisering van die Kultuuraand. Dit was 'n besondere geleentheid waar ons leerders se talente uitgestal kon word.

4. Mosselbaai Eisteddfod

Ons leerders het in groep- en individuele items in groot getalle aan die Eisteddfod deelgeneem en baie goeie uitslae behaal. Die getal toekennings wat gemaak is, was:

- Prestige: 41
- Honours: 54
- Goud: 41
- Silwer: 13
- Brons: 5

100% Parkies

Baie geluk aan elke leerder met die mooi toekennings. Ons is trots op julle.

5. Begrotingsvergadering

Neem asb. kennis van 'n uiters belangrike vergadering waartydens die begroting vir 2027 bespreek en goedgekeur moet word. Die vergadering vind op Maandag, 21 September 2026 om 14:00 – 14:30 in die skoolsaal plaas en vereis 'n kworum. Dit is dus baie belangrik dat ouers dit sal bywoon. Die kennisgewing en opsomming van die begroting is reeds via D6 uitgestuur.

6. Die Aalwyn klerewinkel

Laerskool Park het 'n eie winkel wat amptelike Park-produkte verkoop. Behalwe vir goeie tweedehandse skoolklere word ander produkte soos, kouse, pette, hoede, sakke, sambrele, plakkers, penne, ensovoorts teen goeie pryse verkoop. Ouers kan gerus 'n draai gaan maak by Die Aalwyn om meer oor die produkte uit te vind. Die winkel is aan die voorkant van die skoolsaal geleë en is Maandae tot Donderdae 12:30-14:15 oop. (sien die advertensie onderaan)

7. Damesoggend

Alle dames word uitgenooi om hierdie spesiale geleentheid by te woon. Dit vind op Saterdag, 31 Oktober te Salt & Copper plaas met gassprekers Hanna en Dirk van der Westhuizen, verlede jaar se weners van Kokkedoor Son en See. Dit belooft om 'n heerlike geleentheid te wees. Sien die advertensie onderaan.

8. Buite aktiwiteite

Gimnastiek: Die volgende leerders het aan die Wes-Kaap Trampolien- en Tuimelkampioenskappe deelgeneem en puik presteer:

- Leah Janse van Vuuren – Double mini Vlak 9 – goud; Tuimel Vlak 4 – 4de plek
- Nikita Nel – Trampolien Vlak 3 – goud; Double mini Vlak 4 – 11de plek
- Judah Minnie – Double mini – goud

Al drie hierdie leerders kwalifiseer om die Wes-Kaap by die Nasionale kampioenskap te Bellville te verteenwoordig. Baie geluk!

9. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 7 September: Santoné Benn

10. Skoolfonds vir 2026

Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is. Skoolfonds vir 2026 is as volg:

- Graad 1 – 7: R14 400 per jaar
- Graad R: R14 800 per jaar
- Graad RR: R16 000 per jaar
- Graad RRR: R19 500 per jaar





HP
1855

Hermanuspietersfontein

Damesoggend



DATUM:
31 OKTOBER 2026



PLEK:
SALT AND COPPER



TYD:
10H - 13H



PRYS:
R390



DRAG:
SEMI-FORMEEL



Hanna en Dirk 

VAN DER WESTHUIZEN, MA EN SEUN,

KOKKEDOOR SON EN SEE
WENNERS 2026

R390





TYE

Maandae tot Donderdae
12:30 tot 14:15

ONS VERKOOP

Trotse Park-produkte en
tweedehandse skoolklere.

 **044-691 1020**

 **www.laerskoolpark.co.za**





LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

VANAF JANUARIE 2026

R 900 per maand
13:00 - 17:30

REGISTREER NOU



Navrae: 044 691 1020



Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar



Randa Sport 083 390 8000

 Randa Cycle and Run
Mossel Bay

Jou Hokkie Vennoot!

- *Hokkie stokke
- *Gloves
- *Grips
- *Shinguards
- *Balls
- *Keyrings
- *Bags



**15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!**



 Marsh Straat 43
(langs OK Minimark)

BROOKS



Die Skipper

Laerskool Park se jaarblad



vier sy

40

ste

Verjaarsdag!

Moenie hierdie
spesiale uitgawe
misloop nie! ❤️



R130
= ELK =



Bestel teen
10 Oktober
op d6.



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

Kinders & Kontaklense



IS DIT 'N GOEIE OPSIE VIR MY KIND ?

→ Ons bepaal dit met 'n **volledige oogtoets**:
Op grond van die resultate maak ons die **beste, veiligste aanbeveling** vir jou kind.

→ **Daar is geen "ideale ouderdom" nie** — die sleutel is **motivering** en die kind se vermoë om eenvoudige higiëne toe te pas.

→ **Ons stap die pad saam met jou kind**: van die **eerste toetse**, die **passing**, tot **opvolg** om visie en ooggesondheid te monitor.

→ Ons verseker dat die **lense gemaklik is**, dat hulle die **regte hantering leer**, en dat ouers en kinders duidelike **pasiëntinligting** ontvang.

SKAKEL ONS GERUS:



044 695 1688



066 562 6754



19 Ryk Tulbach str, Da Nova





HEIDERAND

EST • '97

Hardware & Elektries

**VIR AL JOU
HARDEWARE
BENODIGHEDE**

**KWALITEIT PRODUKTE
VIR ELKE PROJEK**

**VAN KLEIN TAKIES
TOT GROOT PROJEKTE**



28 Melkhoutstraat,
Heiderand.



078 952 4439



heiderand.hardware@gmail.com



Volg ons op Facebook
Heiderand Hardware & Elektries



**VRIENDELIKE DIENS.
BESTE PRYS EN KWALITEIT**

DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING!



PLAYHAUS
INDOOR | OUTDOORPLAY

Unforgettable

BIRTHDAY PARTIES

AT PLAYHAUS



MINIMUM
10 CHILDREN



STEP 1

CHOOSE YOUR
PARTY AREA
(2 OPTIONS)



STEP 2

CHOOSE YOUR
PARTY PACKAGE
(3 OPTIONS)



STEP 3

CONTACT
082 303 4037
TO BOOK

SILVER PACKAGE

R140
PER CHILD

- Entrance band for in- and outdoor (+ Activity tickets incl)
- Dedicated Party Area

GOLD PACKAGE

R160
PER CHILD

- Entrance band for in- and outdoor (+ Activity tickets incl)
- Dedicated Party Area
- Soft serve ice cream

ULTIMATE PACKAGE

R250
PER CHILD

- Entrance band for in- and outdoor (+ Activity tickets incl)
- Dedicated Party Area
- Soft serve ice cream AND slushie
- Playhaus Party Packs

SIGNATURE PRIVATE VENUE SETUP

SMALL VENUE
R1 250
LARGE VENUE
R2 500



BALLOON GARLAND
in the colour of
your choice



DEDICATED PARTY AREA
arranged for adults & kids with
view over outdoor & indoor area



DEDICATED
PARTY HOST



15 BARISTA COFFEES
/ DRINKS ON TAP

The Signature Party Setup secures your exclusive party space and premium setup. Non-refundable. Payable on top of the package price.



The Birthday Star

OUR SPECIAL TREAT FOR THE BIRTHDAY BOY OR GIRL!



SPECIAL PLAYHAUS
BIRTHDAY BADGE



PLAYHAUS
RETURN VOUCHER



QUAD TRAIN
TICKET

OUTDOOR SECTION OPENS 1 AUGUST | INDOOR SECTION OPENS 1 SEPTEMBER

MAKE YOUR PARTY EXTRA SPECIAL WITH OUR ADD-ONS



PLAYHAUS
AGE APPROPRIATE
PARTY PACKS



ADULT PLATTERS
FROM OUR FOOD
MARKET OR
GLENHOFF BRAUHAUS



KIDS PLATTERS
FROM OUR FOOD
MARKET OR
GLENHOFF BRAUHAUS



SAND ART
WORKSHOP
BOOKING



JUMPING
CASTLE
BOOKING



SLIME MAKING
WORKSHOP
BOOKING



GEL BLASTERS
SHOOTING
FUN

Play more. Celebrate more. Create memories.



HART & BOSCH VILLAGE FARM
HART & BOSCH, HARTENBOS



082 303 4037
Info@theplayhausexperience.com



THEPLAYHAUSEXPERIENCE

1/1



**VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI**

RY 'N VOLKSWAGEN.
Belé in 'n toekoms.

KOOP 'N NUWE VOLKSWAGEN. ONS BETAAL 'N

PARK LAERSKOO LEERDER SE SKOOLFONDS.

*Ondersteun 'n Parkie.
Bou 'n helderder môre.*

Vir elke nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo of Golf 8.5 wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word tussen nou en **31 DESEMBER 2026**, sal Volkswagen Mosselbaai die skoolfonds betaal van 'n genomineerde leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is vir die volgende skooljaar.*

Of dit nou jou eie kind, kleinkind, familielid of 'n ander Parkie-leerder is wat jy wil ondersteun, jou nuwe Volkswagen aankoop kan 'n werklike verskil maak.



**PARK
LAERSKOO
MOSSELBAAI**

*Leer vandag.
Lei môre.*



MODELLE WAT IN AANMERKING KOM



POLO VIVO



POLO



T-CROSS



TAIGO



GOLF 8.5

HOE DIT WERK

- 1 Koop 'n kwalifiserende nuwe Volkswagen by Volkswagen Mosselbaai voor 31 Desember 2026.
- 2 Gebruik jou amptelike Parkie Skoolfonds Kode.
- 3 Nomineer 'n leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is.
- 4 Dien die vereiste leerder- en skoolinligting in.
- 5 Volkswagen Mosselbaai betaal die genomineerde leerder se skoolfonds direk aan Park Laerskool in Januarie 2027.
- 6 Ons help bou aan 'n beter toekoms vir ons Parkie-leerders.

VEREISTE INLIGTING

- Leerder se volle naam
- Huidige graad
- Graad vir 2027
- Skool se naam (Park Laerskool Mosselbaai)
- Ouers/voog se toestemming
- Leerder se gesinskode
- Skool se betalingsbesonderhede

BELANGRIKE DATUMS



PROMOSIEPERIODE
Nou – 31 Desember 2026



**SKOOLFONDS WORD BETAAL AAN
PARK LAERSKOO MOSSELBAAI**
Januarie 2027

PARKIE GESINSKODE

Elke kwalifiserende transaksie het 'n unieke kode.

Koop vandag. bou môre!



**BESOEK VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI VANDAG**
en vra na die
PARKIE SKOOLFONDS AANBIEDING.



**ONDERSTEUN 'N PARKIE.
BOU 'N HELDERDER
TOEKOMS.**

*Slegs by
Volkswagen Mosselbaai.*

*TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING.
Slegs van toepassing op kwalifiserende nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo en Golf 8.5 voertuie wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word. Die genomineerde leerder moet tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf wees. Die leerder moet goedgekeur word voor voertuiglewering. Die aanbidding sal direk aan die skool betaal word in Januarie 2027. Aanbod nie oordraagbaar of kontantuitbetaalbaar nie. Volkswagen Mosselbaai behou die reg voor om alle leerder- en skoolinligting te verifieer, aanbod onderhevig aan besluit en goedkeuring.